



Die Skietlood

UITGAWE 255

16 OKTOBER 2026

Koersvas en Die Skietlood is die mondstukke van die GHG. Standpunte in die *Die Skietlood* verteenwoordig nie noodwendig die standpunt van die GHG nie.

Heidelbergse kategismus

DIE TWEDE DEEL: DIE VERLOSSING VAN DIE MENS (SONDAG 5-31)

SONDAG 6

Vraag 19: Waaruit weet jy dit?

Antwoord: Uit die heilige evangelie, wat God self aanvanklik in die paradys bekend gemaak het (Genesis 3:15 “Ek stel vyandskap tussen jou en die vrou, tussen jou nageslag en haar nageslag. Haar nageslag sal jou kop vermorsel en jy sal hom in die hakskeen byt”). **Daarna het Hy dit deur die heilige aartsvaders** (Genesis 22:18 “In jou nageslag sal al die nasies van die aarde geseën wees, want jy het My gehoorsaam.”; Genesis 12:3 “Ek sal seën wie jou seën, en hom vervloek wat jou vervloek. In jou sal al die volke van die aarde geseën wees.”; Genesis 49:10 “Jy sal altyd heers, jy sal aanhou regeer totdat Silo kom, die heerser aan wie die volke hulle sal onderwerp.”) **en profete** (Jesaja 42:1-4 “Hier is my dienaar, Ek stel hom aan. Ek het hom uitverkies, hy geniet my guns. Ek laat my Gees op hom kom, hy sal my wil aan die nasies bekend maak. Hy sal nie roep nie, hy sal nie hard skree nie, hy sal nie sy stem op straat laat hoor nie. 'n Geknakte riet sal hy nie afbreek nie, 'n lamppit wat dof brand, sal hy nie uitdoof nie. Hy sal my wil bekend maak soos dit is. Self sal hy ook nie uitgedoof of geknak word nie totdat hy my wil op aarde gevestig het. Die eilande wag op wat hy hulle sal leer.”; Jeremia 23:5, 6 “Daar kom 'n tyd, sê die Here, dat Ek vir Dawid 'n regverdige spruit sal laat opskiet, 'n koning wat verstandig sal regeer. Hy sal die reg eerbiedig en regverdig regeer in sy land. In sy tyd sal Juda gered word en sal Israel veilig woon. Sy naam sal wees: Die Here regeer regverdig oor ons.”; Jeremia 31:32 “Dit sal nie wees soos die verbond wat Ek met hulle voorvaders gesluit het toe Ek hulle aan die hand gevat en uit Egipte laat trek het nie. Hulle het daardie verbond wat Ek met hulle gesluit het, verbreek al was Ek getrou aan hulle, sê die Here”, Jeremia 32:39-41 “Ek sal hulle 'n onverdeelde hart en 'n vaste koers gee: hulle sal My altyd dien vir hulle eie beswil en vir dié van hulle kinders na hulle. Ek sal 'n blywende verbond met hulle sluit. Ek sal nooit ophou om aan hulle goed te doen nie en Ek sal in hulle die begeerte lê om My te dien en nie van My af weg te draai nie. Ek sal dit geniet om goed te doen aan hulle in my trou; met alles wat Ek is, sal Ek hulle weer in dié land vestig.”; Miga 7:18-20 “Wie is 'n God soos U? U vergewe sonde, U straf nie die sonde van dié wat uit u volk oorgebly het nie. U bly nie vir altyd kwaad nie, U betoon liefde. Hy sal ons weer genade betoon, Hy sal ons sonde tot niet maak, U sal al hulle sondes in die diepsee gooi. U sal getrou wees

teenoor Jakob, liefde betoon aan Abraham, soos U in die voortyd aan ons voorvaders met 'n eed beloof het.”; Handeling 10:43 “Van Hom getuig al die profete dat elkeen wat in Hom glo, vergewing van sondes deur sy Naam ontvang”; Handeling 3:22-24 “Moses het immers gesê: ‘Die Here julle God sal uit julle eie geledere vir julle 'n Profeet soos ek laat voortkom. Gehoorsaam Hom in alles wat Hy vir julle sal sê. Elkeen wat nie hierdie Profeet gehoorsaam nie, moet van die volk afgesny word.’ En al die profete van Samuel af en daarna, almal wat opgetree het, het ook aangekondig wat in hierdie tyd gebeur”; Romeine 1:2 “Hierdie evangelie het Hy vooruit deur sy profete in die Heilige Skrif aangekondig”; Hebreërs 1:1 “In die verlede het God baie keer en op baie maniere met ons voorvaders gepraat deur die profete.”) **laat verkondig en deur die offers en ander seremonies van die wet laat uitbeeld** (Hebreërs 10:1, 7 “Die wet van Moses is slegs 'n skadubeeld van die weldade wat sou kom, nie 'n werklike beeld daarvan nie. Voortdurend, jaar na jaar, word dieselfde offers gebring, en tog kan die wet dié wat die offers bring, nooit volkome van sonde vrymaak nie. Toe het Ek gesê: Kyk, Ek het gekom, o God, om u wil te doen. In die boekrol is dit van My geskrywe.”; Kolossense 2:7 “in Hom gewortel en op Hom gebou, vas in die geloof soos julle geleer is, en met dankbaarheid vervul”; Johannes 5:46 “As julle Moses geglo het, sou julle in My geglo het, want hy het van My geskrywe”). **Eindelik het Hy dit deur sy eniggebore Seun vervul** (Romeine 10:4 “Christus is tog die einde van die wet, sodat elkeen wat glo, vrygespreek kan word”; Galasiërs 4:4 “Maar toe die tyd wat God daarvoor bepaal het, aangebreek het, het Hy sy Seun gestuur. Hy is uit 'n vrou gebore en van sy geboorte af was Hy aan die wet onderworpe”; Galasiërs 3:24 “Ons was dus onder die toesig van die wet totdat Christus sou kom, sodat ons deur te glo, vrygespreek sou word”; Kolossense 2:17 “Dit is alles maar net die skaduwee van wat sou kom; die werklikheid is Christus.”)

Kommentaar Vraag – Vraag 18 het gevra: Wie is hierdie Middelaar wat terselfdertyd ware God en ware regverdige mens is? Die antwoord het aangedui Jesus Christus is hierdie Middelaar. Nou word die betroubaarheid van die bron vir die antwoord onder die loep geplaas. Hierdie vraag vind sy eggo later in die kategismus wanneer die vraag gaan fokus op die vraag na die WET. In hierdie konteks is dit belangrik om raak te sien dat die fokus op die bron van inligting belangrik is. God is die outeur van die Evangelie, hierdie Evangelie soos ons



dit terugvind in die Woord van God. Hierdie vraag gaan inspeel op tradisie en pouslike gesag, wat in die Roomse tradisie as gesagvolle bronne hanteer gaan word; hierdie is met ander woorde nie 'n lukraak vraag nie, dit wil die volle omvang van gesagvolle bron/ne aandui

Kommentaar Antwoord – Die Evangelie vertel van die Verlosser, die Middelaar – Jesus Christus. Jesus is onteenseglik die middelpunt van die Blye Boodskap – Sy koms is die blye boodskap. Hy is ook die outeur van hierdie boodskap juis in Sy openbaring van God se koninkryk. Wat presies is die Evangelie? Is dit nuut of anders as die Wet (Ou Testament boodskap)? Hoe verskil die Evangelie van die Wet? Wat is die gevolge van enige sodanige onderskeid? Is hierdie Evangelie waar en die Waarheid? Hierdie is vrae wat opgesluit lê in die hantering van vraag en antwoord 19.

Die Evangelie is die goeie boodskap. Die aankondiging van die boodskap is nie anders as die koms van die Een wat belowe is nie. Die Ou Testament gee die belofte van die Middelaar, die Nuwe Testament vertel van die Middelaar wat gekom het. Die verskil tussen die twee se boodskappe is in terme van tyd aan te dui. Hierdie keer kante van dieselfde munt word duidelik aangedui in Johannes 8:56: *“Abraham, julle voorvader, het hom daaroor verheug dat hy die dag van my koms sou sien, en hy het dit gesien en was bly.”* In Hebreërs 13:8 lees ons dit in absolute terme *“Jesus Christus is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid”*.

Ursinus som dit as volg op: “Die Evangelie is die leer aangaande die Seun van God, ons Middelaar – direk na die sondeval openbaar vanuit die hemel in die paradys, ‘n openbaring wat sy oorsprong in die hart van die Vader het; ‘n aankondiging en belofte wat gegrondves is in God se vrye genade – elkeen wat berou toon en glo sal verlos word van dood en sonde. Die Evangelie belowe ‘n ewige lewe in God se goedheid.

Die lyn van die Evangelie loop met ander woorde vanuit die poorte van die paradys deur die hele geskiedenis van Wet en Profete, deur Bethlehem en Gólgota tot by die nuwe hemel en nuwe aarde)(parafrase van antwoord 19).

Die hele openbaring kom van God en ontsluit aspekte van God se wil, aard en werke. Daar is tog verskille tussen Wet en Evangelie, tussen proto-Evangelie en Evangelie. Hulle verskil in terme van vlak en aard van openbaring, in die proto-Evangelie is dit in die Wet wat in die mens se hart gegraveer word, in die Evangelie is dit in Christus die finale vervulling van die Wet. Die Ou Testament dra die wil van God oor, en die Nuwe Testament verduidelik hoe die wil van God in Christus uitspeel. Die eerste gee die beloftes, die tweede vertel van die vervulling van dieselfde genoemde beloftes.

Die Evangelie roep ons tot geloof. Die Heilige Gees woon in ons en verseker ons dat hierdie geloof op die waarheid gefundeer is.

(HK-reeks deur Dr. Johan Otto)